# LABRUMSKEUR

## Oorsig

Die labrum is 'n taai fibreuse struktuur wat die glenoïed holte verdiep en help om die humeruskop in plek te hou gedurende skouer rotasie. Dit dien ook as 'n aanhegting van die lang kop van die bisepsspier en ligamente wat help om die skouer te stabiliseer. Besering van die skouer mag aanleiding gee tot skeur van hierdie ligamente of die bisepssening en kan 'n skeur van die labrum van sy aanhegting op die glenoïed fossa tot gevolg hê. Wanneer die labrum skeur kan die humerus gedeeltelik of ten volle uit die potjie uit gly. Onvoldoende genesing van die labrumskeur kan lei tot skoueronstabiliteit waar die skouer voortdurend gedeeltelik uitgly (sublukseer) of ten volle ontwrig. Die labrum kan ook fraiings vorm as gevolg van beskadiging deur herhalende bewegings wat verwering oor tyd tot gevolg het.

## Oorsaak

Labrumskeure word tipies veroorsaak deur trauma en is algemeen tydens skouerontwrigtings. Dit mag ook met herhalende bewegings tydens fisiese werks- of sportaktiwiteite soos gooi, gewigoptel of raket sporte voorkom.

## Simptome

Pyn, klik, vashak, beperkte omvang van sekere bewegings kom voor met labrum skeure. Sommige labrumskeure kan egter pynvry wees.

## Klassifikasie

Labrumskeure word geklassifiseer van waar hulle voorkom op die glenoïed rant. Besering van die superior labrum word na verwys as SLAP-letsels,(Superior Labrum van Anterior na Posterior). Hierdie letsels ontstaan tipies waar die lang kop van biseps vasheg aan die labrum. Skade aan die anteroinferior gedeelte van die labrum word 'n Bankart-letsel genoem. Minder algemene beserings is die posterior aspek van die labrum en wat voorkom in pasiënte wat gooi tydens hulle sportaktiwiteite of met besering waartydens die humeruskop na agter forseer word. Dit veroorsaak forsering van die humeruskop teen of oor die posterior gedeelte van die labrum.

## Behandeling

Behandeling van labrumskeure hang af van die tipe skade wat plaasgevind het. Fraiings wat ontstaan as gevolg van besering kan behandel word deur wegsny en afwerk van die geskeurde labrum met artroskopiese tegnieke. In gevalle waar die labrum losgeskeur het van die glenoïed kan oop of artroskopiese tegnieke gebruik word om die labrum weer vas te heg aan die glenoïed rant met beenankers en hegtingsmateriaal.